2018/12/03
08:23 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/12/03	DATUM 2018/11/30			+ - WEEK GELEDE 2018/11/26		+ - MAAND GELEDE 2018/11/05		+ - JAAR GELEDE 2017/12/04	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	60.48	-1.63	-2.6%	62.11	2.5%	59.00	-17.0%	72.91	-3.1%	62.44
US$: ? ZAR	13.72	-0.010	-0.1%	13.73	-0.7%	13.82	-3.3%	14.19	1.6%	13.50
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 1 979.03	22	1.1%	R 1 956.69	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 599.26	77	3.0%	R 2 522.46	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 509.89	27	0.6%	R 4 482.91	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies Des '18	366.40	4.40	1.2%	362.00	2%	359.00	-2%	374.00	-5%	385.50
Koring Des '18	515.60	15.60	3.1%	500.00	3%	499.60	2%	507.25	5%	492.75
Sojabone Jan '19	894.60	6.00	0.7%	888.60	2%	881.00	1%	885.75	-12%	1017.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Mar '19	3650.00	0	0.0%	3650.00	0.0%	3650.00	1.4%	3600.00		2850
WMAZ Dec '18	2429.00	5	0.2%	2424.00	6.3%	2284.00	-0.6%	2443.00		NA
WMAZ Jul '19	2609.00	22	0.9%	2587.00	7.9%	2419.00	0.8%	2588.00	13.7%	2295
YMAZ Dec '18	2361.00	17	0.7%	2344.00	3.1%	2289.00	-2.8%	2428.00		NA
YMAZ Jul '19	2479.00	22	0.9%	2457.00	3.6%	2392.00	-2.6%	2544.00	5.4%	2352
SOY Dec '18	4673.00	-52	-1.1%	4725.00	2.3%	4569.00	2.0%	4580.00		NA
SOY Mei '19	4891.00	-45	-0.9%	4936.00	2.1%	4790.00	2.0%	4793.00	-4.0%	5095
SUN Dec '18	5150.00	30	0.6%	5120.00	-0.5%	5176.00	1.0%	5101.00		NA
SUN Mei '19	4840.00	-42	-0.9%	4882.00	-2.4%	4961.00	-4.3%	5055.00	6.6%	4539
WHEAT Dec '18	4195.00	-8	-0.2%	4203.00	-0.4%	4210.00	-3.6%	4351.00		NA
WHEAT Mar '19	4332.00	20	0.5%	4312.00	2.4%	4229.00	-1.7%	4406.00	6.6%	4063
OLIESADE (US$/ton)	2018/11/30	Bron: Oilworld			2018/11/23		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	631				-0.6%	635	-18%	769	-7%	676
Soya-pell, Arg.	330				0.0%	330	-3%	339	-10%	368
Soybean, USA	375				0.5%	373	-9%	410	-9%	410
USA Runner 40/50	1250				0.0%	1250	-22%	1600	-4%	1300
Sun-oil, Arg.	640				-2.3%	655	-15%	755	-20%	800
Sun-oil, Black Sea	635				-0.3%	637	-15%	750	-15%	750
Sunseed,Black Sea	340				-0.6%	342	-15%	400	-17%	409
Rapeseed, EU cif	424				-0.5%	426	0%	425	6%	399
Palmk oil Mal, EU	715				-5.9%	760	-51%	1470	-31%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: In die internasionale sojaboonmark was die grootste fokus die afgelope week op die samesprekings wat tussen die Amerikaanse en Chinese president gevoer sou word na afloop van die G20 beraad. Die mark het reeds sedert verlede week verwag dat daar positiewe gesprekke sou plaasvind en dit het die Amerikaanse sojaboonprys ondersteun. Die naweek se gesprekke tussen die presidente van hierdie twee lande het egter goed verloop en China het aangedui dat hulle weer Amerikaanse landbouprodukte sal invoer. Dit is baie positief vir die Amerikaanse sojaboonmark aangesien China tot dusver baie min sojabone vanaf die VSA ingevoer het, terwyl hulle die oor die algemeen die grootste uitvoer bestemming vir Amerikaanse sojabone is. Die lae uitvoere na China het veroorsaak dat die Amerikaanse sojaboon voorraad skerp toeneem die afgelope paar maande. Die stroop proses van sojabone in die VSA duur steeds voort en alhoewel dit einde se kant toe staan is daar steeds gedeeltes van die Midde weste waar ongunstige weerstoestande die stroop proses van die laaste gedeeltes verhinder. In ander internasionale nuus is die verwagting dat die sojabone in sommige gedeeltes van Brasilië reeds in die laaste week van Desember gestroop sal word. Dit is aansienlik vroeër as die normale tempo en die sojabone sal aansienlik vroeër in die mark kom. Die verwagting is steeds dat Brasilië se produksie ’n nuwe rekord sal bereik hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week goeie ondersteuning gevind en het Vrydag sterker afgesluit as waarteen die Maandag geopen het. Die plaaslike mark het verlede week hoofsaaklik die Amerikaanse pryse gevolg en dit het ook sterker verhandel. Die positiewe nuus rakende die ooreenkoms tussen die VSA en China sal die pariteite van die plaaslike mark ondersteun.

Sonneblomsaad: In die EU het die sonneblomsaad verwerkings tot dusver hierdie seisoen goeie toenames getoon teenoor die vorige seisoen se verwerkings en dit het onder andere bygedra om die dalings in die verwerkings van ander oliesade te vervang. Die meeste van die toenames in die sonneblomsaad verwerkings wat tot dusver gerapporteer was, was in Nederland, Roemenië, Hongarye en Spanje. In verlede week se nuutste weeklikse USDA produksievorderingsverslag is daar aangedui dat 77% van die Amerikaanse sonneblomsaad vir die seisoen reeds gestroop is. Dit vind hierdie seisoen aansienlik stadiger plaas as die 5 jaar gemiddelde tempo wat 91% voltooi is teen hierdie tyd van die seisoen. Verlede seisoen was dit op 92% voltooi gerapporteer teen hierdie tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaadmark het verlede week gemeng verhandel met van die kontrakte wat sterker gesluit het vir die week, terwyl ander Vrydag effens laer gesluit het as waarteen die Maandag geopen het.

Kanola: In Kanada het die kanola verwerkings gedurende Oktober terug gesak en was dit laer as die rekord volumes wat gedurende Julie en Augustus verwerk was. Dit het veroorsaak dat die nuwe seisoen se kanola verwerkings ongeveer 10% laer is as verlede seisoen se verwerkings en die totale verwerkings vir die eerste drie maande van die 2018/19 seisoen teen ’n drie jaar laagtepunt gelaat. Die voorlopige uitvoer syfers het egter aangetoon het dat die uitvoere gedurende Oktober goeie herstel getoon het. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die kanola stroop proses meestal voltooi, met die produksie vir die seisoen wat goed is in vergelyking met die vorige seisoen. Daar is wel gedeeltes van die Weskaap waar daar onder andere windskade aan die oeste was en die opbrengste laer as die verwagtinge was.

Grondbone: Die stroop proses van grondbone in die VSA duur steeds voort en in verlede week se nuutste USDA produksievorderingsverslag is aangedui dat die grondbone in die VSA 91% voltooi is. Dit is stadiger as die 5 jaar gemiddelde tempo van 96% voltooi en ook stadiger as verlede seisoen se tempo van 97% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is daar tans nog baie min grondbone vir hierdie seisoen aangeplant met die weer wat meestal ongunstig was vir die aanplantings om optimaal plaas te vind. Die planttyd van grondbone is ook vinnig besig om uit te loop.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.